

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die Handleiding vir Ringsprojekte moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- SLUITINGSDATUM: Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

01.06

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: Albanie

Titel van Projek: Gemeente-ontwikkeling

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

Projekleier	
Naam:	Nuwe leraar op Fort Beaufort
Posadres:	Posbus 52
E-pos:	
Faks:	
Tel. (k):	
Tel (h):	
Selfoon:	

Handtekening Projekvoorsteller

22/8/16

Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) Wikus Venter, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van Albanie, dat hierdie projek op 29 Augustus 2016 deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

Handtekening Voorsitter / Skriba

4/10/2016

Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Fort Beaufort-gemeente het agv die siekte van hul leraar oor 'n periode van etlike jare geweldige geestelike en finansiële agteruitgang beleef. Lidmate het hul bydraes gestaak en afvallig geword.

Die gemeente het gedurende 'n brugbediening finansiël gegroei, maar is steeds nie by magte om 'n eie leraar te beroep nie.

Die doel van finansiële hulp oor 'n periode van drie jaar is om die voortbestaan van Fort Beaufort-gemeente te verseker. Die kerkraad beoog die beroep van 'n dinamiese en toegewyde leraar om die groot getal lidmate wat afvallig geword het, geestelik te versorg en na die Here Jesus terug te lei. Die gemeente moet ook in totaliteit geestelik geaktiveer word om die ryk oeslande raak te sien en haar missionale roeping na buite te vervul.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Binne die Ring van Albanie is ook ander gemeentes wat finansiël swaar kry, maar die ligging van Fort Beaufort maak dit moontlik om na ten minste drie ander areas uit te reik wat op die gemeentegrense geleë is: Hogsback, Catchcart-gemeente, UFH by Alice. Die inwoners is hoofsaaklik Xhosa/Engelssprekend wat beteken dat die leraar ook aandag sal moet gee aan sy taalvaardigheid en 'n kinderbediening. Dit vereis 'n nuwe benadering en dus groter finansiële uitgawes.

Op die dorp self is soveel braaklande: Fort Beaufort Hospitaal, Tower Hospitaal vir geestelik gestremdes, gevangenis, SAPD, 2 Koöperasies, 7 skole, Huis Thatcher en Kindersorg. (Child Welfare)

Christian Care op Bedford is bereid om hulle ervaring te kom deel en behulpsaam te wees met die uitbeweë na die gemeenskap, maar fondse is nodig. (Mev Wendy de Klerk)

Gedurende die brugfase is reeds uitgereik na Adelaide-gemeente en St John's United Church deur by geleentheid eredienste oor en weer by te woon. Die resultaat was baie bemoedigend.

Musiekbyeenkomste en orrelspel deur mnr Bouwer van Rooyen vind groot byval.

Die kerkgebou op Fort Beaufort is toegerus met 'n puik orrel wat die kerkraad ook graag tot sy reg wil laat kom. 'n Groot Kerssangdiens waarheen verskillende plaaslike kerke en ook Adelaide-gemeente genooi is, is dan ook vir die einde van die jaar gereël.

Die kerkraad besef die behoefte wat by mense veral op die platteland bestaan om deel te hê aan goeie musiek en onderlinge samekomste, maar dit bring noodwendig uitgawes mee.

Die befondsing oor 'n periode van drie jaar sal die kerkraad in staat stel om sy beplanning verder uit te bou en so ook die gemeente verder op te bou tot groter vitaliteit.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
	Oor 'n periode van drie jaar.

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Nvt	

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Nvt	Hoeveelheid	Nvt

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Nvt

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
Die Ring het oor 'n periode van 10 maande R100,000 bygedra vir die brugbediening, maar verdere finansiële hulp is nie moontlik nie. Die inkomste van die gemeente het sodanig verbeter dat sy met hulp na drie jaar selfstandig sal kan voortbestaan.	
TOTAAL:	

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
• Reiskoste	
• Verblyfkoste	
• Rekenaaruitgawes	
• Skryfbehoeftes	
• Drukwerk	
• Telefoon	
• Posgeld	
• Verversings	
• ANDER (spesifiseer asb):	

TOTAAL:	
---------	--

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R60,000 oor drie jaar

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Tradisioneel het die NG Kerk bestaan uit Afrikaanssprekende blankes, maar die getalle op die platteland het dramaties afgeneem wat beteken dat die kerk met die tyd gaan sterf. Fort Beaufort-gemeente moet dus so ontwikkel word dat sy die voertuig word waarmee die Evangelie binne die gemeenskap uitgedra kan word.

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om per rekenaar ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
 Die vorm vir persone wat dit per hand wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf